**Geagte Voornemende Kampeerder en Ouer** 2019 - 01- 10

Die Hoëveld Penkop- en Drawwertjiekamp vind plaas gedurende die April vakansie. Hiermee nooi ons graag u kommando uit om ons kamp van Die Voortrekkers Transvaal, by te woon. Hoëveld P/D kamp wil elke lid waarsku, pak solank jou tas, daar wag groot opwinding!!!!

**Hoofbestuur Tema: Voortrekkers Digitaal.**
**Gebied: Ons Bou saam ons Droom.**
**Hoëveld: Drome@Hoëveld – Vuur Jou Toekoms aan**

**Datum:** Woensdag 27 Maart 2019 om 08h00 tot Sondag 31 Maart 2019 om 12:00
**Plek:** Voortrekkerterrein Hartbeesfontein sowat 50 km Noord vanaf Pretoria
**Kursusse:** Slegs 1 Spesialisasie per kind op die kamp.
**Ete:** Kos vir ontbyt - eerste ete is eers na 12:00 Woensdag

| | **Spesialisasies** | **Spesialisasies** | **Spesialisasies** |
|---|---|---|---|
| **Gr 1** | Spele | (Slegs kinders van volwassenes wat kamp) | |
| **Gr 2** | Veldkook | (Slegs kinders van volwassenes wat kamp) | |
| **Gr 3** | Handwerk | Spoorkennis | |
| **Gr 4** | Vasbyt (Fiksheid)<br>Skibroeke is 'n vereiste. Offisiere moet kinders evalueer - nie alle kinders is in staat om die Spesialisasie te voltooi nie. | Plantekennis | Noodhulp |
| **Gr 5** | Weerkennis | Touwerk | |
| **Gr 6** | Spoorsny | Kommunikasie | Sterrekunde |
| **Gr 7** | Medemens | Veldbewustheid | |
| **Volw** | **Volwasse Intreekursus** | | |

**Kampgelde:**

| | |
|---|---|
| Kursusgangers (Penkoppe en Drawwertjies, Gr 1-7) (Gr 1 & 2 moet deur ouers vergesel wees) | R650.00 |
| Volwasse Intreekursus | R650.00 |
| Kombuisspan (eerste 12 word aanvaar) | R 0.00 (gratis) |
| Geen persone in kombuis met kinders jonger as Gr 3 nie) | |
| Volwassenes (alle volwassenes doen diens) | R550.00 |
| Verkenners | R550.00 |
| (Verkenners wat bereid is om spesiale diens te doen by kleuters of spesiale opdragte mag inskryf, geen diens by kursusse of in die kombuis is toelaatbaar nie) | |
| Kleuters 3 jaar en ouer | R550.00 |

**SNOEPIE: Geen snoepie op kamp - gelde sluit snoepie en eetgoed in vir elke dag.**

**Sluitingsdatum:** Donderdag 7 Maart 2019. **Opsommings en vorms** by Lelanie of Gebied (Alle inbetaling vir lede moet by hul kommando gemaak word)

**Golfhemde:** Golfhemde op bestelling kan aangekoop word. Goedkoper oranje Golfhemde met drukwerk is beskikbaar vir kinders en volwassenes. Beter kwaliteit Golfhemde (ander kleur) in mans en dames groottes word geborduur. Hoëveld Baadjies is ook beskikbaar vir volwassenes op bestelling.
Vorms moet volledig voltooi word. Laat inskrywings se T-hemde kan nie gewaarborg word om betyds vir die kamp te wees nie.

**Kampbywoning**: Indien 'n kind laat kom of die kamp vroeg verlaat sal hy/sy nie in aanmerking kom vir die spesialisasie / GGA nie.

**Volwassenes: Alle ingeskrewe volwassenes moet 'n plaasvervanger stuur as die kamp nie meer bygewoon kan word nie, of vir gedeeltes van die tydperk wat die betrokke persoon nie beskikbaar is nie.**

**Kampbenodighede:** 'n Lys van alle benodigdhede, sowel as kursusbenodigdhede sal die kursusbevestingsbrief vergesel. Dit sal ook op die web beskikbaar wees.

Vir meer besonderhede skakel u kommandoleier of sekretaresse. Indien u nie regkom nie, is u welkom om die persone by onderstaande nommers te skakel. Ons vertrou dat ons op u samewerking kan staatmaak om van hierdie kamp 'n groot sukses te maak.

Voortrekkergroete

**Philip de Kock** **Kampleier**
Tel : 012 654 1653 / Faks : 012 654 1653
Sel : 082 657 3300
E-pos : pwdk@absamail.co.za

**Lelanie van Wyk**
**Kampsekretaresse**
Sel: 084 986 4236
E-pos : coecks@gmail.com